PARSVERMOË STYG

Vraag na sojabone 'soos rollende sneeubal'

SUID-AFRIKA se parsvermoë vir oliesade styg namate meer parsaanlegte gebou word, met die gevolg dat die vraag só vinnig toeneem dat dit in boere se guns tel om meer sojabone te verbou.

Mnr. Gerhard Scholtemeijer, voorsitter van die Proteïennavorsingstigting (PNS), het op 'n vergadering in Midrand gesê in sy leeftyd sal Suid-Afrika nooit 'n oorskot kan produseer nie. "Die stygende vraag is soos 'n rollende sneeubal wat nie gestuit kan word nie."

Die vraag kan voor die einde van die jaar al tot 1,9 miljoen ton per jaar toeneem en teen 2020 tot 2,5 miljoen ton.

Die onvoldoende plaaslike produksie kan boere aanmoedig om meer sojabone en ander oliesaadgewasse te verbou. Groot hoeveelhede proteïene en eetbare olies word ook ingevoer.

Dr. Erhard Briedenhann, ook van die PNS, het gesê sojaboonpryse op Chicago se graanbeurs het aanvanklik baie gestyg en 'n hoogtepunt bereik, maar daarna weer gedaal, onder meer weens gerugte dat China 2 miljoen ton sojabone uit sy reserwes op die internasionale mark wil plaas. Indien ongunstige weer in die groot produserende lande voorkom, sal pryse matig bly.

In Suid-Afrika word die plaaslike Safex-prys deur vraag en aanbod bepaal. Die nuwe produksiejaar sal waarskynlik met 'n tekort aan sojabone begin, met die gevolg dat pryse sal styg as daar 'n tekort is.

– CHARL VAN ROOYEN

(Nog berigte oor die vergadering is op bl. 116.)